**BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE**
Selfoon (+27) 082 880 1494
Web: **www.vermeulenbond.org**
Epos: **vermeulenbond00@gmail.com**




# DIE MEULENAAR NOVEMBER 2024

## Voorwoord

Dit is weer tyd om die herinneringe en mylpale van die groter VERMEULEN gesin die afgelope jaar te vier en dit is 'n wonderlike geleentheid om na te dink oor wat ons unieke familie-erfenis definieer.
Hierdie jaar is ook gekenmerk deur belangrike oomblikke - nuwe toevoegings, prestasies en miskien selfs 'n paar uitdagings. In 'n wêreld wat dikwels verbyjaag, laat hierdie MEULENAAR dien as 'n herinnering om ons tyd saam te koester. Dit gaan nie net oor die gebeure wat ons gevier het nie, maar ook oor die alledaagse oomblikke wat ons herinner aan ons gedeelde reis.
Voeg asseblief jou stem, jou stories en jou liefde toe tot hierdie versameling van herinneringe. Mag dit ons inspireer om voort te gaan om pragtige herinneringe saam te skep, ons bande te versterk en die ryk tapisserie van Vermeulens te vier.

## Bond Ledetal en Nuwe Lede

Ons ledetal is tans 68 lede en 4 vriende. Ons word stadig minder en ons sal moet aandag gee om ons ledetal te laat groei. Ons bedank al ons lede wat so getrou hul jaarlikse ledegeld betaal.

Ons is ook jammer om te meld dat ons vanjaar kennis geneem het van drie van ons lede wat ons aan die dood moes afstaan.

Willem (Willie) Jacobus Petrus Vermeulen D33 is reeds op 21.09.2021 oorlede, maar ons is eers vanjaar van sy dood verwittig. Willie het in Namibië gewoon.

Hendrik Johannes Vermeulen D78 is skielik op 7.08.2024 dood. Hy het in Warmbad gewoon en was ten tye van sy dood 83jr oud.

Michelle Meyer is op 3.09.2024 onverwags oorlede op die ouderdom van 51jr. Sy was die dogter van Izak vermeulen J12 en die suster van Charmain J4 en Tania J17 (haar tweelingsuster). Izak was jare lank bestuurslid van die Bond en was ook verantwoordelik saam met sy broer Johan vir die navorsing en die daarstelling van ons Vermeulen register asook die stigting van die Bond.
Ons innige simpatie aan die naasbestaandes van hierdie 3 lede.

Baie welkom ook aan Johannes Petrus (Jan) Vermeulen D19 wat op 5.04.2024 by ons aangesluit het. Ek vertrou dat jy jou lidmaatskap by ons sal geniet.

## **Facebook Blad en Webblad**

Ons facebookblad se ledetal bly groei en is ons tans 772 lede. Dankie aan ons admin lede wat die administrasie van die facebookblad hanteer en diegene wat interessante feite van die Vermeulens met ons deel. Ons wil lede aanmoedig om asseblief inligting, foto's ens. te plaas.

Soos julle weet bevat ons 'n webblad https://www.vermeulenbond.org baie nuwe artikels en interessanthede. Ons wil veral alle lede versoek om foto's en inligting t.o.v. oudhede/aandenkings van Vermeulen voorsate wat in jul besit is vir ons te stuur vir plasing op die webblad onder die opskrif Aandenkings.

Die webblad was maandeliks besoek deur 79 persone die afgelope jaar vergelykende met die 83 persone verlede jaar. Vir ons Engelssprekende Vermeulens is ons webblad in beide Afrikaans en Engels beskikbaar. Behalwe sommige van die vorige uitgawes van Die Meulenaar is alle artikels vertaal. Kliek op die tuisblad van die webblad op die Suid-Afrikaanse vlag vir die Afrikaanse weergawe en op die United Kingdom vlag vir die Engelse weergawe. Sien hieronder.



Die elektroniese weergawe van die 2019 opgedateerde geslagregister, asook die gedenkuitgawe (gratis verskaf aan Bondlede) kan ook d.m.v. ons

webblad afgelaai word indien `n geringe bedrag van R50 lede en R100 nie-Bondlede daarvoor betaal is. Vir alle aankope sien ook ons webblad.

## Geslagregister

Daar is nie meer kopieë van die geslagregister in boekvorm beskikbaar nie. Dit word nie voorsien dat die register weer gedruk gaan word nie en indien u hierdie boek besit, bewaar dit goed, aangesien hierdie geslagregister nog 'n gesogte versamelingstuk kan word. Dit is wel digitaal beskikbaar.

Die byhou van ons databasis gaan onverstoord voort. Ons het die afgelope jaar baie ou sterftes, geboortes, dope en huwelike bygevoeg van persone lankal reeds dood. Ons het egter elke Vermeulen nodig om nuwe inligting van persone nog in lewe op te dateer asook nuwe sterftes, ens. Op ons eie kan ons dit nie doen nie. Help ons asseblief met hierdie belangrike taak. Op 31.08.2024 was daar 18764 (18520) name in die databasis van Dirk Cornelisz en 5372 (5330) name in die geval van Jan Willemsz aangeteken. Dit sluit byvoorbeeld ook eggenotes in wat nie Vermeulens is nie. Die getalle (name) tussen hakies is verlede jaar se syfers.

## Klub 80

Die Klub 80 bestaan tans uit 3 lede. Mag hul nog lank vir ons Bond en hul naasbestaandes gespaar bly. Ons bid hul seënwense en goeie gesondheid toe.

**Martinus Godfried Drotskie (Tienie) Vermeulen** D <11365> is vanjaar 82 jr oud.
**Izak Stefanus Vermeulen** J<78> Lidnr. J12. Hy word 81jr in Desember 2024
**Leon Vermeulen** D<4460> Lidnr D52. Hy het vanjaar 81jr geword.


Ons het twee klub 80 lede, soos genoem by Bond ledetal, aan die dood afgestaan.

Die volgende lid tree vanjaar toe tot klub 80 en sy kort lewens skets word hieronder aangehaal:

Dr Leopold Petrus Vermeulen J29 <3104> Leo was op 3 Januarie 1945 in Montagu, Kaap, gebore. Ma Joey het hom mooi in Middelburg (Oos Kaap) en in Carnarvon (Noord Kaap) grootgemaak. Avontuurlustig en pronkerig, met hoë-keil en luidspreker.


Met 'n glimlag van oor-tot-oor voltooi hy sy skoolopleiding aan Middelburg Hoërskool in 1962.








Vir volk en vaderland het hy sy deel gedoen. As Assistent Veldkornet sy diensplig in 1963 voltooi en as Kaptein uit die Burgermag-eenheid van Hoof van Staf Personeel in 1984 getree.





Die Akademie is van kleintyd af in sy bloed. Al die navorsing, publikasies en akademiese goed. Niks anders as cum laude was sy leuse. Selfs Antarktika besoek vir Doktorale navorsing en sy passie vir lugvaartbestuur uitgeleef van Noord tot Suid. Dit is hoekom hy die akademie as loopbaan verkies het.

Valerie Botha kom toe as “blind date” oor sy pad in 1970 en daar word die leeu se arrogante rieme styf vasgevat.





In 2010 het Valerie en hulle twee kinders hom nog ten volle onder beheer. Sy luidspreker bly sy genoot deur dik en dun. Telkens word hy vermaan dat sy stem te ver dra. Nieteenstaande hou Valerie dit uit en vier hulle saam hul 50 ste huweliksherdenking op 12 Desember 2020.







Zunelle en Henco, is deur die ooievaar ingevlieg, ’n trotser Pa kan min mee spog.

Behalwe sy gesin het Leo 'n liefde vir sy blou Beetle, Cindy die hond en sy twee kleinkinders.





Danelle en Tihan .




Moenie dink hy kan nie ook lekker ontspan nie. Met hoedjie, stokkie en doppie is hy ook maar net pure man.



Op 59 vat hy navorsingsverlof " sebaticle", 'n jaar "af "van die werk, verslae skryf en ry die wêreld vol.Op 3 Januarie 2005 is Leo terug in sy pos. Nuwe rigting en voortbou met nuwe ywer.

Vir uitnemende diens tot sy vakgebied het die SA Vereniging vir Bedryf en Organisasie Sielkunde hom met Erelidmaatskap in 2007 vereer.



Na 40 jaar diens tree Leopold Petrus Vermeulen uit die diens van die Universiteit van Pretoria op 30 Junie 2010.

Sedert 2011 woon hy en Valerie naby hulle kinders en kleinkinders in Bundaberg, Queensland, Australië.
Dubbele burgerskap: RSA en AUS in 2016.



Op 03 Jan 2025 dank Leo sy Skepper vir 80 jaar se geseënde lewenservarings.



**Geboortes**

Die Vermeulen familie het ook uitgebrei met die geboorte van Joeke Elizabeth Vermeulen op 28 Februarie 2024 te Louis Leipoldt. Baie geluk aan pa Mattheus Johannes (Johan) Vermeulen en sy vrou, asook oupa en ouma Johan en Louise wat altwee hierbo bestuurslede is van die Bond.

**Vermeulendag 9 Augustus 2024**

Na aanleiding van 'n vroëre bestuursbesluit om elke jaar 'n Vermeulendag te hou en sodoende 'n tradisie te probeer vestig is besluit om dit elke jaar op 9 Augustus te hou, wat ook 'n nasionale vakansiedag is. Hierdie jaar is dit opgedra aan al die vroue in ons lewe. Ons het ook 'n kompetisie gehou vir die mooiste bydrae tot hierdie doel en die pryse het mooi juwele vir die vroue bevat. Die 3 pryswenners van ons Vrouedag/Vermeulendag kompetisie op 9 Augustus 2024 was:

1ste Rina Esterhuizen

2de Jan Hendrik Vermeulen

3de Isabel Lombard

Baie dankie aan al die deelnemers. Kyk bietjie na van die mooi bydrae wat ons ontvang het:

***Jan Hendrik Vermeulen***

*Dankie aan al die Vermeulen Dames, jonk en oud, ons waardeur julle op reg. Dankie vir die liefde en ondersteuning. Sonder julle sal dit swaar wees. Baie Dankie. Lief julle almal.*

*Vermeulens HoeHa*

***Hennie Vermeulen***



*Goeiedag al my Vermeulen naamgenote.Vanjaar vier ons Vermeulendag wat saamval met Vrouedag. Ons gedenk nie net die aankoms van ons twee voorvaders Dirk Corneliszoon en Jan Willemszoon in Suid-Afrika nie, maar dit is ook gepas dat ons spesiaal eer bring aan alle Vermeulen vroue.Baie dankie vir die voorreg om saam met ander Vermeulen nasate ons nalatenskap te kan vier en gedenk. Ek wil dan graag op almal en dan spesiaal ons Vermeulen vroue`n glasie klink en mag julle hierdie dag geniet saam met jul geliefdes.*
*Trots Vermeulen. Cheers!!!!*

***Nico Vermeulen***



Agter van links: Paul Duvenage, Nico, André, Reinhard, Pierre Duvenage
Voor: Linda Duvenage (nee Vermeulen), Hesta Vermeulen (nee Pieterse), Reneé Vermeulen (nee van Antwerpen), Helgaard Vermeulen en Eliska Duvenage.

**<u>Verlowing</u>**

Binnekort gaan die Vermeulen gemeenskap nog ‘n mooi dame in ons geledere verwelkom. Reinhard Vermeulen, seun van Andre en Reneé Vermeulen van Vanderbijlpark het op 12 Oktober 2024 die ja woord gekry van

Sunelle Steyn, ook van Vanderbijlpark. Baie geluk Reinhard en Sunelle, mag julle baie jare saam geluk ervaar!



**Ter afsluiting 'n pragtige gedig van ons mede bestuurslid Johan**

**Die Lewe**

Van korte duur
`n Oogwink in die natuur
In die voue van tyd
Skaars in die rondte kon kyk

Waarom was ek hier
Wat was my doel
`n Lewende siel
`n Oomblik op aarde gewoel

Was ek net maar `n trap
Vir die mensdom se volgende stap
My geslag se gewoel in die bonte
`n Herhaling van`n ouer rondte

Waar gaan dit heen
Waar kom dit vandaan
Die mens se bestaan
Oor lewe is ons begaan

NON PAREIL